The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, (See Clause 5 Terms & Conditions) without prior permission of the original publisher.

Ornico
KNOW HOW. TO GROW



DIE BURGER 2016/09/30 Page: 10

AVE: 20239.61 (ZAR)




Die Noordwes-Universiteit se Sirius X25 Woensdag op Jansenville in die Oos-Kaap.

# Span 'soos 'n geoliede masjien'

**Susan Cilliers**

Die Sirius X25-sonkar het gistermiddag behoorlik deur die Oos- en die Wes-Kaap laat wiel met byna 3 000 km van Pretoria af agter die rug.

Volgens prof. Albert Helberg van die Noordwes-Universiteit (NWU), spanleier van die ingenieurstudente aan die stuur van die sonkar, is die span nou soos 'n glad geoliede masjien. "Ons gees is ongelooflik positief – almal is toegewyd en behoorlik ingeburger in hul onderskeie rolle."

Die NWU-span is steeds die voorloper onder die Suid-Afrikaanse spanne en algeheel vierde uit 13 spanne wat in die Sasol Solar-uitdaging meeding. Nederland se Nuon-Solar-span is die voorloper, met Japan en Hongarye se spanne kort op die Nederlanders se hakke.

Die spanne het Saterdag uit Pretoria vertrek en moet Sondag teen 16:00 in Kaapstad wees. Die span wat die meeste kilometers op die agt dae lange toer kan aflê, sal as wenner uit die stryd tree.

Die Nederlanders het teen Woensdagaand reeds meer as 3 000 km afgelê nadat die spanne die vyfde dag van die roete in Port Elizabeth voltooi het. Die NWU se span het toe 'n raps meer as 2 500 km gery.

Die spanne het gisteroggend van Port Elizabeth na Sedgefield vertrek. Die jongste afstande sou eers later die aand ná die spanne se aankoms op Sedgefield amptelik bereken word, sê Helberg.

Die NWU-span het op die tweede dag van die ren 611 km afgelê – 'n Afrika-rekord vir die langste afstand tot nog toe op een dag. Die spanne kan hul afstand tussen die verskillende stoppunte rek deur bykomende sirkelroetes te ry.

Helberg sê veral wolke en wind beïnvloed die aantal kilometers wat afgelê kan word omdat sonenergie gebruik word. Indien die son dus wegkruip, soos toe die span Maandag van Bloemfontein na die Gariepdam gery het, moet hulle energie bespaar en stadiger ry.

Die sonkar weeg 196 kg, wat beteken daar moet versigtig gery word wanneer die wind waai. "Die laaste paar dae was sonnig maar winderig en dit het ons spoed beïnvloed," het Helberg gister gesê.

Prof. L.J. Grobler, dekaan van die fakulteit ingenieurswese op die NWU se Potchefstroom-kampus, het die NWU-span spesiaal Woensdagaand in Port Elizabeth besoek en weer gister na sy tuisstad teruggekeer. "Dit was baie motiverend vir die span. Hy het raad gegee en help beplan aan ons strategie," sê Helberg.

Hy sê hulle wil Sondag teen 15:00 in Kaapstad wees.




Die roete wat gevolg word in die Sasol Solar-uitdaging.